Notule van Rust de Winter vergadering soos gehou op Saterdag 5 September 2009 om 15:00 by Toyota kamp te Rust de Winter

Komiteelede teenwoordig:

Deon Kok
Peter Claasen
Flip Stander
Frits Greger
Johan Bekker
Rina Stander

Verskoning:

Mike (Bundu)
Dirk van Wyk

Staanplek eienaars teenwoordig:

26 staanplek eienaars

Verskonings van lede

5 ontvang

Verwelkoming

Deon verwelkom almal teenwoordig.

Boomplantdag

'n Totaal van 43 bome is aangeplant deur lede.

Kampsake

DK Die wendy huis is verskuif.
Daar gaan 'n ontvangs kantoor by die ingang gebou word sodat daar ook 'n ordentlike liaseer stelsel op Rust de Winter gehou kan word. Lede sal met aankoms by Rust de Winter fisies moet uitklim uit hul voertuie om in te teken.
Heelwat werk moet by RdW gedoen word maar daar is nie fondse om vir dienste te betaal nie.
Ons kort ook 'n dak van ±R15 000 en dan 160 sakkies sement.
Borge word benodig vir beton. Enige donasies van bv. 2 sakkies sement is welkom.
Sement is nodig om 'n kamer vir Rose aan te bou.
Chris Wiggett borg R1 000 vir sement.

SV Dit is 'n RdW vergadering. Wat was die vraag wat Thys op vorige vergadering gevra het?

DK Thys se vraag was oor pensionarisse se jaargelde. Die antwoord was NEE. RdW werk anders as die 4x4 ATV klub.
Hierdie vergadering is nie die jaarlikse RdW vergadering nie. Dit word gehou sodat lede op hoogte gehou kan word oor sake by RdW.

GH Wanneer gaan Rooibok se ablusie uitgesorteer word?

DK Die aangeleentheid sal na die vergadering bespreek word.

GH Daar word gewag vir die dakke voordat dit voltooi kan word.
DK Fondse is van so aard dat ons nie kan begin nie. Sodra die projek begin word moet dit voltooi word. Beplanning moet eers gedoen word.
GH Hoeveel geld is beskikbaar om Rooibok se ablusie op te gradeer?
DK Dit sal na die vergadering bespreek word.
PC Daar is reeds genoeg stene vir Rooibok ablusie. Besig om te onderhandel met Chamberlains. Deon het 'n lys opgetrek van wat benodig word. Die lys sal in die nuusbrief gepubliseer word. Dit sou ±R160 000 kos. Dit neem egter tyd om 'n borg te kry. Wil kyk of dit onder R50 000 gedoen kan word.Daar is moontlik 'n sponsor vir die dak. Die fondasie moet egter nog gedoen word.
FG Daar gaan 'n toegangs stelsel geimplimenteer word. Elke lid sal 'n "tag" ontvang waarmee hy toegang tot die kamp sowel as die gymkhana area sal kry. Die nodige fondse ontbreek egter om dit in werking te stel.
JK Wat is die totale koste om die stelsel te implimenteer?
FG R4 000 plus R24 elk per "tag".
JK Sal die stelsel borg.
DK Daar sal 'n bordjie met Jan se maatskappy naam op die "boom" geplaas word.
Die septiese tenks gaan dood van al die chemikalië en port-a-potties wat in die toilette gegooi word. Sodra die septiese tenk "sterf" kan dit nie weer lewendig gemaak word nie.
PC Bushie ruil die gasbottels, geen lid mag met die gasbottels werk nie. Daar sal kennisgewings opgesit word by elke ablusie wat die lede in kennis stel presies watter prosedure gevolg moet word indien gasbottels leeg is ens.
AY Sal die kennisgewings borg.
JB Wat gebeur met die as. Dit is werklik 'n groot probleem want dit maak baie stof.
PC Daar sal 'n plan gemaak moet word.
JB Ander karavaanparke maak self die braaiplekke skoon.
GH Daar kan 20lt verfdromme uitgesit word net vir as.
DK As daar dan ander gemors in is, word dit nie leeg gemaak nie en die kamp waar die as drom staan sal beboet word.
Daar was weer by 2 karavane ingebreek. Die karavane van Kobus Erwee en Alan Young.
Niks van waarde is gesteel nie, slegs drank en kos.
PC Die polisie het 2 mans van Mamelodi gevang. Blykbaar het byna al die lodges tot by Camp Discovery deurgeloop. Ons was tot dusver gelukkig om slegs minimale inbrake te hê.
RdP Die sproeikoppe raak weg.
PC Daar is 'n nuwe tendens om tentpenne in te sit.
DK As jy nie jou eie sproeikop het nie, moet asb nie 'n ander lid sin "leen" nie.

Finansies

DK Finansieel gaan dit nie sleg nie. Daar is slegs 2 of 3 persone wat bedank het. Lede se besluit om die eenmalige bedrag van R1500 per jaar in te stel was baie goed.
JB Dit was die vasgestelde fooi vir 2009. Gaan daar 'n verhoging wees in 2010?
DK Daar mag 'n klein verhoging wees in 2010.
PC Daar was 'n konstante hoeveelheid besoekers. Het R13 000 gebank vir ±2½ maande se besoekers gelde.
JK Wat betaal besoekers indien hulle net vinnig wil besoek aflê?
FG Ons sal baie versigtig moet wees daarmee. Sommige persone kuier van vroeg en ry eers baie laat. Gebruik al die fasiliteite en betaal minimum of selfs niks.
MJ Stel 'n dagbesoekers tarief in.
PC Daar is tans 'n bord by die hek wat sê geen dagbesoekers.
JK Stel voor dat die tarief R10 per gas (dagbesoeker) is en kinders onder 12 is gratis.
DK Die gas MOET 'n gas van 'n lid wees.

AL DIE LEDE STEM SAAM.

DK Gaste mag nie alleen by Rust de Winter opdaag nie. Jy moet jou "tag" gebruik om jou gaste te laat inkom.

LL As lid nie hier is nie en daar word vooraf gereël dat 'n gas mag kuier op Rust de Winter moet die gas R30 per persoon per dag betaal..

Vergadering verdaag.

SEKONDANT

DEON KOK
Voorsitter

DATUM

RINA STANDER
Sekretaresse